# RIGLYNE VIR DOKTORALE AANSOEKE EN VOORLEGGINGS

**Hierdie dokument bevat algemene riglyne waaraan aansoeke tot doktorale studie en voorleggings in sulke aansoeke in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte moet voldoen.**

## Vereistes ten opsigte van die doktorale voorstel

### 1 Titel en (mede-) Promotor(s)

Die titel van die proefskrif moet bondig maar informatief wees. Die name van die promotor en mede-promotor (indien enige) moet ook duidelik vermeld word.

### 2 Probleemstelling en fokus

Doktorale studie is by voorkeur navorsing wat gedoen word met die oog op die oplossing van 'n bestaande en duidelik geformuleerde probleem. Wat hierdie probleem presies is, moet helder geformuleer word, met inagneming van veral die betekenis van sentrale begrippe wat in die probleemstelling aan die orde kom. Die probleemstelling moet nie meer as 'n enkele paragraaf beslaan nie, en moet die fokus van waarom dit in die proefskrif gaan, bondig, bevatlik en helder formuleer.

### 3 Voorafstudie

Doktorale navorsing is veronderstel om 'n nuwe en unieke bydrae tot kennis te lewer. Onder hierdie rubriek word 'n aanduiding gegee van hoe die voorgenome navorsing afwyk van of 'n aanvulling is tot bestaande kennis wat reeds ten opsigte van die ondersoekveld opgedoen is. Dit is daarom nodig om breedweg melding te maak van ander studies wat reeds op hierdie terrein gedoen is, indien moontlik en indien enige.

Hierbenewens kan die kandidaat ook onder hierdie rubriek aandui oor watter navorsings- of ander akademiese agtergrond, wat tersake is vir die voorgenome studie, hy/sy self beskik (byvoorbeeld magister-graad [of ander] navorsing/opleiding oor 'n aanverwante onderwerp).

***NB Al bronnelys wat verskaf moet word, is dit waarna die kandidaat onder hierdie rubriek of in die res van die doktorale voorlegging eksplisiet verwys.***

### 4 Doelwitte, teoretiese uitgangspunte en hipotese(s)/ navorsingsvrae

Terwyl die probleemstelling die sentrale vraagstuk wat die proefskrif aanspreek, bondig en gefokus aan bod stel, bied hierdie rubriek die geleentheid om doelwitte meer sistematies te formuleer. Veronderstellings en/of uitgangspunte waarop die navorsing sal berus en (die) teoretiese raamwerk(e) waarbinne die navorsing aangepak word, word ook, sover

doenlik in hierdie rubriek aan die orde gestel, en voorlopige hipoteses/navorsingsvrae word, waar tersake, geformuleer.

**5 Metodologie en benadering**

Kandidate moet duidelik maak van watter metodes gebruik gemaak gaan word om hul gestelde probleem aan te pak en te probeer oplos. Blyke moet gegee word van vertroudheid met moontlike kontroversies wat bestaan ten opsigte van die tersaaklike metodologie in hul ondersoekveld. In die geval van kwantitatiewe empiriese navorsing moet daar besonderhede verskaf word van die wyse waarop data ingesamel en ontleed sal word, bes moontlik met voorbeelde van vraelyste of verwysings na standaard- of nuut ontwerpte meetinstrumente.

Indien die studie 'n inter- of multi-dissiplinêre karakter het, moet dit duidelik vermeld word. Rekenskap word dan gegee van kwessies wat so 'n studie metodologies problematiseer, asook aanduidings van hoe sodanige probleme oorkom kan/gaan word.

**6 Navorsingsontwerp en tydskema**

Onder hierdie rubriek word 'n voorlopige uiteensetting gegee van die verskillende fases wat die navorsing sal deurloop, en hoe hierdie fases logies-sistematies aaneenskakel. By voorkeur moet 'n voorlopige inhoudsopgawe van die voorgenome proefskrif geformuleer word, sodat daar duidelike aanduidings is dat die kandidaat 'n sistematiese, logies koherente en progressiewe plan van aksie vir sy/haar projek het.

Keerdatums word ook aangedui vir die voltooiing van elk van die geïdentifiseerde fases in die navorsing. Uit hierdie keerdatums moet duidelik blyk wanneer voltooiing van die navorsing in die vooruitsig gestel word. Hierdie tydskema behoort, sover moontlik, deur kandidate en promotors gebruik word in die monitering van die kandidaat se vordering.

**7 Impak**

Hier word kortliks aangedui wat die voorsiene impak van die voorgenome navorsing sal wees, bv. in watter opsigte dit 'n nuwe bydrae tot die vakgebied sal lewer, hoe dit konvensionele sienswyses bevestig of bevraagteken, hoe dit bydra tot bestaande debatte, en/of watter gevolge die toepassing van hierdie nuwe kennis in die samelewing sou kon hê (indien van toepassing).

**8 Aansluiting by departementele doktorale program(me)**

In oorleg met die promotor word aangedui hoe die voorgenome navorsing aansluit by of deel uitmaak van die doktorale program(me) wat volgens die Jaarboek deur 'n departement aangebied word.

***Voorleggings moet nie langer as 2000 woorde wees nie.***

**Fakulteitsraad Lettere en Wysbegeerte**
**As Fakulteitsdoument aanvaar op 27 September 2000, aangepas op 6 Februarie 2002.**